Suikerbekkies

Die Suikerbekkies het sommer vinnig hierdie jaar met 'n groot slag afgeskop... of eerder opgeskop! Op 25 Februarie was ons groot oefendag en sommer spanbou ook. Ons het die hele oggend so hard geoefen en amper al ons bewegings aangeleer, dat die juffrouens ons verras het met 'n springkasteel en 'n lekker piekniek na die tyd! 'n Paar oefeninge verder en ons was reg vir ons eerste optrede op Donderdag 23 April. Die Notepret- aand was presies dit – groot pret!
Na nog vele oefeninge het ons op 22 Junie weer 'n geleentheid gehad om te wys dat ons regtig harte bekoor. Hierdie keer was dit in ons eie skoolsaal tydens Bakenkop se Kultuurweek.
Met ons optrede later in die Stadsaal kon ons bewonderaars weereens beleef hoe die Suikerbekkies kan wikkel en woel op die maat van lekker musiek!

Oulike sêgoed!



Juffrou Tersia se klas , gr2/1, het 'n paar oulike goedjies kwytgeraak by 'n begripsleesstukkie..

Die vraag was: Hoekom dink jy het hy die perd Sokkies genoem?

- Want hy het 'n sak aangehad
- Want hy het wit hoefe gehaat
- Die perd was worlag (seker wollerig)
- Omdat hy wollerig was soos 'n sokkie
- Want hy't baie van groente gehou
- Omdat hy gestink het soos sokkies
- Want hy dra sokkies
- Want hy was bruin soos 'n sokkie
- Omdat hy groente verkoop het.

CENTURION KUNSTEFEES

'n Volle 122 Bakies het individueel aan die Centurion Kunstefees deelgeneem en nie minder nie as 70 A, A+ en A++ simbole teruggebring skool toe! Vier kinders was wenners in hul afdelings, Anria Dippenaar (gr.2 solosang), Suné Kleynhans (gr.4 prosalees), Laurine Kleynhans (gr.6 prosalees) en Maranée Botha (gr.7 poësie). Bakies se JUNIOR KOOR het 'n uitstekende vertoning gelewer en 'n A+ is aan hulle toegeken!

Bakies se Redenaars

Die jaarlikse redenaars-kompetisie by Laerskool Bakenkop was weereens 'n groot sukses en die gladde-bek Bakies het die gehoor met talle wyshede, humor en insigte aan hul monde laat hang. Die leerders wat as wenners aangewys is verskyn van links na regs op die foto:
Agter: Harry Cassidy, Maranée Botha en Laurine Kleynhans.
Voor: Wilhelm Marais, Leandri van Zyl, Suné Kleynhans.
Die twee sussies, Laurine en Suné Kleynhans, is as algehele wenners by die Junior- en Seniorafdelings aangewys. Hulle het die skool ook by die ATKV-uitdunne verteenwoordig. Trots op al die bakies wat deelgeneem het!